Maandbrief

Julie 2008

Gemeente kontakbesonderhede:
Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844 ☽ 072 782 7508
🖷 021 981 2953 ✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561
💻 pastoorleon@telkomsa.net 🌍 www.ags-ligenlewe.com

VAN DIE PASTOOR

Liewe gemeente

Dit is weer sulke tyd, tyd om 'n briefie aan julle te rig. Dit laat my dink aan Paulus en die manne wat briewe aan die gemeentes geskryf het.

Ek wil sommer dadelik begin deur almal te bedank. Dankie vir u elkeen se bydrae en vir die opofferings wat julle maak sodat die werk van God gedoen kan word. Dankie ook vir u mooi gesindheid teenoor mekaar en die kerk. Mag God u elkeen ryklik seën.

Ek wil net graag weer ons visie met julle deel. In kort is dit God se liefde in aksie. Wat beteken dit? Dit beteken dat ons God se liefde uitdra na die gemeenskap en dit sal deur middel van uitreikings gedoen word. Dit beteken ook dat God se liefde werksaam sal wees in die gemeente, wat slegs gebeur wanneer ons mekaar dra met Sy liefde in ons harte. Dit beteken ook dat wanneer iemand vreemd in ons gemeente kom, ons die persoon sal aanvaar en deel maak van ons familie. Ons is 'n familie.

Ten slotte wil ek elkeen van julle wat nuut by ons ingeskakel het, wat nie van die oorspronklike groep kom nie, baie welkom heet. Ons sal hierdie mense nog voorstel aan die gemeente. Mag God elkeen van julle gebruik vir Sy werk hier by ons.

God bless.

Pastoor Leon

Tieners:

Hey YES…

"Wees altyd bly omdat julle Christene is. Ek sê dit weer wees bly! Laat almal sien hoe bedagsaam julle lewe. Onthou die Here kom binnekort. Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor allles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen. As julle so bid, sal julle God se vrede beleef. Hierdie vrede is wonderliker as 'n mens ooit kan dink. Omdat julle aan Christus behoort, sal die vrede van God julle harte en gedagtes soos 'n veiligheidswag oppas." Fil 4:4-7 (NLV)

God doen alles wat Hy doen in oorgawe. Alles wat God vir ons belowe in Sy woord is in oorgawe. God belowe *onvoorwaardelike* liefde, *ewige* genade en dat Hy *altyd* daar sal wees vir my en jou! Jesus het sonder "Reservations" aarde toe gekom om ons te kom red. Jesus het niks terug gehou nie. Hy het letterlik die laaste druppel bloed wat Hy in Sy liggaam gehad het vir ons kom gee.

Ons is in die helfte van 2008. YES kom ons leef "with no reservations" vir Jesus die res van hierdie jaar! Wees "courageous", vat 'n kans, en leef voluit elke dag. Ons kan, as ons fokus op Christus is, werklik al hierdie dinge vir Hom doen. Jesus is die leidsman en ons sy volgelinge. Luister na Sy stem, wees opgewonde oor die plan wat Christus in jou hart geplaas het. Lees die Woord, bid en sing 'n nuwe lied vir Jesus elke dag!

YES kom ons vat 'n "leap of faith" en vertrou God om die bietjie wat ons het om te gee aan ander te verander in kos vir menigdes! Jesus wil ons almal in Sy Koninkryk gebruik. Die volgende 6 maande is die tyd van "NO RESERVATIONS FOR CHRIST", kom ons almal vat hande en loop hierdie opwindende pad as jongmense saam!!

Jesus liefde
Shireen*

Welsyn

Vir al die persone wat bydraes gelewer het in Junie wil ons uit ons harte bedank.

Daar bestaan egter steeds behoefte in die gemeente. Ons sal dit so waardeer indien u ons verder kan ondersteun met u bydraes. Die boks waarin u die artikels kan plaas staan elke Sondag op die tafel by die deur.

Artikels wat altyd benodig word is: Suiker, Rys, Tee & Koffie, Smeergoed vir die brood en Langlewe melk. Hierdie is slegs voorbeelde, u kan egter u eie inisiatief verder gebruik.

Baie dankie vir u samewerking.
Huishoudingspan

Vroue:

Ons eerste vrouebyeenkoms is reeds agter die rug en was voorwaar 'n reuse sukses. Ek wil net graag van hierdie geleentheid gebruik maak om elkeen wat aan die geheime vriendinne deelneem te herinner waaroor dit gaan.

1. **Weet dat dit 'n "commitment" is.** Die dame vir wie jy sorg, sal verwag dat jy haar in jou gebede sal onthou en sal op jou bemoediging staat maak.
2. **Bid daagliks vir jou Vriendin.**
3. **Doen moeite om jou Vriendin te leer ken.**
4. **Wees 'n bemoediging vir jou Vriendin.** Stuur vir haar briefies of kaartjies van bemoediging.
5. **Onthou jou Vriendin op haar spesiale geleenthede.** Moenie vergeet om vir haar ietsie te stuur vir haar verjaarsdag of herdenkings nie.
6. **Hou dit 'n geheim.** Moenie dat enige iemand weet vir wie jy sorg nie. Laat jou briefies, kaartjies of presentjies wanneer niemand kyk nie of vra iemand anders om dit neer te sit.

Onthou: Jy kan 'n instrument wees wat God in daardie persoon se lewe plaas om haar te bemoedig waar en wanneer sy dit nodig het.

1 Pet 3:8 "Wees almal eensgesind, simpatiek, lief vir mekaar, goedhartig en nederig."

Belangrikste: GENIET DIT.

Groete

Mariska

Nagmaal: 6 Julie

Dagboek:

Julie 2008

Sondag, 6 Julie	Nagmaal
Maandag, 14 Julie	Skole open
Woensdag, 16 Julie	Selle open
Sondag, 20 Julie	Kinderkerk open

Kinderkerk

Hello maats

Ek hoop dit gaan sommer baie goed met julle almal en dat julle hierdie kort vakansie gate uit sal geniet. Dit voel of ons net gister afgeskop het, die tyd vlieg darem of hoe dink julle?

Dit was vir my so lekker om weer bietjie te leer oor Dawid en van al die lekker dinge wat hy in sy lewe ervaar het. Die hoof rede waarom Dawid so 'n goeie seun en later in sy lewe koning was, was omdat hy vir God eerste in sy lewe geplaas het. Maats ons moet onthou dat God ook eerste in ons lewens wil wees. Openbaring 2:4 sê: "Maar dit het ek teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het". Jesus wil nommer 1 in jou lewe wees.

Ek is baie opgewonde oor die nuwe kwartaal wat amper begin en ons gaan afskop met 'n GROOT "BANG". Julle moet nie een Sondag misloop nie. "If you miss you miss out." Ons gaan 'n klomp nuwe dinge leer en doen. Maats ek wil julle almal aanmoedig om julle vriende wat nooit kerk toe gaan nie, saam met julle kinderkerk toe te nooi sodat hulle ook van Jesus kan hoor.

Tata, oom Quintin

BANKBESONDERHEDE:

ABSA
AGS Gemeente van Lig & Lewe
Tjek Rek. no. 407 129 5644